# Gebedsbulletin
# No. 41 van 2025

## 12 Oktober 2025

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

# Ons gebede sneuwel nie teen ‘n dooie muur nie

Wanneer die soeklig op ons persoonlike gebedslewe val, is ons gewoonlik in die moeilikheid. Gedurig hoor ons ons moet meer bid. Ons hoor ook die getuienisse van ’n paar supergelowiges wat steeds die hemele oopbid, maar aan ons kant van die draad is gebed eintlik net ’n gesukkel.

Ons bid hier en daar en doer, maar dit voel kragteloos. Ons kan identifiseer met ‘n bekende persoon wat op ’n dag by die klaagmuur in Jerusalem gaan bid het, waar derduisende Joode gereeld bid. Toe hulle vir hierdie celebrity vra hoe dit gevoel het om op so ‘n heilige plek te bid, antwoord hy: “Well, it was like talking to a wall…”

Ons bid nie teen mure vas nie. Ons bid soos Jesus ons geleer het. Ons weet om te bid is om met God te praat. Hy is die Hoorder van gebed, soos wat Psalm 65 sê. Hoor weer: God ÍS die hoorder van gebed. Hy is nie doof nie. Hy is nie weg nie. Hy hoor. Ons praat met Hom in Jesus se Naam. Ons loof Hom. Ons sê vir Hom dankie. Ons praat mooi en vreugdevol oor God by God. Ons maak ook ons behoeftes in nederigheid aan Hom bekend. En ons bid gedurig vir ander mense. Altyd bid ons gelowig en opreg. Dan sê ons amen en gaan leef tot eer van die Heer. Hy het ons gebed gehoor. Hy is by ons. Ons opregte gebede sneuwel nooit teen dooie mure nie.

***deur Stephan Joubert***

## Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Johnny Viviers
Annie Brink
Leonie Kruger
Jillian Jansen
Rudi Kruger
Spokie Vorster
Pierre Pienaar
Juanita Rossouw
Marelize Harrison
Marcel Holtzhausen
Tannie Nelie van Tonder
Thys van Tonder
Oom Piet Pretorius
Marina Visser
Marius van der Westhuizen
Janine Vorster
Laura Viegas
Magda Olsen
Rina Roos




## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN




## Gedagte vir die week




*Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .*
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in